

# Beplan jou geldsake reg met kundige advies

Wat 'n boer se geldsake betref, is dit altyd belangrik om aan die toekoms te dink. Mnr. Willem Lategan van RiG-adviesdienste gee insig oor hoe dié maatskappy boere met finansiële beplanning bystaan.

**V**ir die boer sal 'n goeie finansiële plan tipies 'n beleggingsplan, buitelandse plan, boedelbeplanning en 'n familiebesigheidplan insluit.

Volgens mnr. Willem Lategan is hoe jy jou geld toewys, belangrik. Daar is drie maniere van toewysing, waarvan batetoewysing die eerste is.

“Jy kan byvoorbeeld 'n portefeulje hê wat 60% in aandele, 30% in rentedraende produkte en 10% in eiendom belê is. Op lang termyn is dit hierdie batetoewysingsbesluit wat hoofsaaklik jou beleggingsopbrengste aandryf.

“Geografiese toewysing is die tweede belangrike ooreweging. Dit is as jy byvoorbeeld 50% van jou geld plaaslik belê en die res

in die buiteland.

“Derdens is die toewysing oor tyd belangrik. Jy moenie die mark met 'n groot klomp geld bestorm nie. Jy moet gedissiplineerd oor baie jare geld by jou beleggings voeg.”

## BELEGGINGSBENADERING

Daar is verskillende beleggingstyle, soos 'n groei-, waarde- of momentumstyl. 'n Boer kan besluit of hy in aktiewe fondsbetuurstuur glo en of hy eerder meer in indeksfondse wil belê.

“Beleggers moet konsentreer op dit waaroor hulle beheer het,” sê Lategan. “Daar moet dus genoeg gespaar word om te kan belê. Dit is ook belangrik dat beleggers oor tyd genoeg risiko loop om by hul doelwitte uit te kom. In die proses moet hulle seker maak hulle word beloon vir die risiko's wat hulle neem.”

## RISIKO

Beleggers dink dikwels die stygings en dalings van die mark of wisselende wisselkoers is hul grootste risiko.

“Ironies genoeg, dit is nie so nie. 'n Groter risiko is inflasie gekoppel aan langlewendheid. Jou grootste risiko is dus dat jou geld op jou oudag gaan opraak terwyl jy nog 'n klomp jare het om te leef.

“'n Nóg groter risiko is beleggersgedrag. Ek het al 'n paar keer gesien dat kliënte só waag met hul swaarverdiende beleggingskapitaal dat hulle dit verloor. Beleggers het betroubare leiding nodig om 'n goeie bestuursplan vir hul beleggings uit te werk.”

## BELEGGINGS IN DIE BUITELAND

Beleggers wil toenemend buitelandse blootstelling hê.

“Buitelandse beplanning gaan oor vier B's: beleggings-, besigheids-, boedel- en burgerskapbeplanning.

“Mense kan op verskeie maniere meer buitelandse blootstelling kry. 'n Boer kan met iets eenvoudigs begin, soos om met sy uitree-annuïteit die volle 30% te gebruik wat hy in die buiteland mag belê.

“As hy reeds afgetree het, kan hy selfs meer blootstelling in sy aftreegeld aan buitelandse bates hê. Met 'n belastingvrye spaarbelegging kan die boer 100% buitelandse blootstelling geniet.

“In ander gevalle help ons kliënte met ingewikkelder strukturering en oplossings. Hier gebruik ons soms aksepbanknotas om veral kapitaalwinstbelasting-aanspreeklikheid in beleggings vir trusts en maatskappye te verminder.”

# RiG

Wysheid vir  
ware welvaart

Wisdom for  
true wealth



Kyk gerus vanaf  
**Dinsdagaand 24 Augustus**  
om **19:30** op **Landbouweekliks**  
(DStv kanaal 147) vir vier  
opeenvolgende weke na  
vier fasette van 'n boer  
se finansiële plan.

## 'n Boer maak 'n

## PLAN



Skandeer die QR kode en registreer  
vroegetydig vir ons eerste van vier  
**webinaar aanbiedings** oor hierdie  
onderwerpe.

**GRATIS**

**Maandae**

**13:00 - 13:30**



Gaan na [www.rig.ac](http://www.rig.ac)  
en klik op **Webinar  
registration**  
om vir die res te  
registreer.

Kontak RiG adviesdienste gerus per epos by [info@rig.ac](mailto:info@rig.ac)

Dit is ook belangrik om seker te maak jou beleggings en jou morele waardes stem ooreen. Lategan sê by RiG-adviesdienste word geglo: “Hoe jy geld maak, maak saak.”

## BOEDELBEPLANNING

’n Goeie boedelplan is uiteraard noodsaaklik vir elke boer.

“Boere vergeet soms wat hul huweliksbedeling behels. Hulle kan dalk buite gemeenskap van goedere getroud wees, maar kan nie onthou of dit met of sonder die aanwasbedeling is nie. En dit bepaal dikwels hoe ons die testament moet bewoord.”

Lategan meen trusts in ’n boedelplan is nog van waarde.

“Dit is ’n veilige manier om ná jou dood vir jou geliefdes te sorg, en selfs om bates teen krediteure te beskerm. Dit is wel belangrik dat die trust baie goed geadministreer word.

“Boere bemaak dikwels al hul bates aan ’n trust, maar gee nie vir die oorblywende trustees ’n riglyn deur ’n resolusie of brief van wense wat aandui wat hulle wil hê verder met die trust se bates moet gebeur nie.”

Opsies vir boere en hul gades, benewens ’n boedelbelasting-vrye buitelandse polis, is produkte waar die versekering met die dood van die langselewende

uitbetaal, sê Lategan.

“Hier kan hulle bekostigbaarder versekering uitneem om erfposies tussen kinders meer gelykop te verdeel. Boere kan ook hul versekerbaarheid deur toekomsdekking verseker. Dit is nuttig wanneer opvolgers eendag plaas toe kom en dalk nou reeds ’n ouer se versekerbaarheid wil verseker.”

Die beplanning van ’n buitelandse boedel hang af van waar die familie bates het.

“As hulle bates in verskillende jurisdiksies het, maak dit soms sin om testamente vir die verskil-

lende jurisdiksies op te stel. Van die families kan selfs buitelandse trusts hê. Dit word dikwels deur hul buitelandse polisse gefinansier, wat boedelbelastingvry kan wees.”

## BEPLANNING VIR FAMILIEBESIGHEDE

’n Familiebesigheid kan ingewikkeld wees. Dit is dus belangrik om ’n goeie plan te hê.

“Baie boerderye in Suid-Afrika is familiebesighede en is al tussen geslagte oorgedra.”

Lategan verduidelik die onderskeid tussen verskillende

substelsels binne ’n familiebesigheid. Daar is drie sirkels wat oorvleuel (sien **SKETS**).

“Die eerste sirkel is die familie, die tweede is die besigheid en in die derde sirkel is dit belangrik om te sien waar die eienaarskap van die familiebesigheid lê. Daarby moet die hele familiebesigheid goeie bestuurstrukture hê.


Opvolgbeplanning is ook belangrik. “Jy moet vroegtydig daarmee begin. Dit moet oop en deursigtig wees en die partye moet duidelik kommunikeer. As daar konflik is, moet ’n mens dit konstruktief benader. Hier kan daar met groot vrug van insigte uit die gedragswetenskappe gebruik gemaak word.”

## TEN SLOTTE

Lategan sluit met dié belangrike stukkies raad af: “Ons sien gereeld dat kliënte se beplanning en advies gefragmenteerd raak. Ons moet op ’n meer holistiese manier beplanning doen en die beleggings-, buitelandse, boedelen familiebesighedsplan saam in een oorhoofse plan integreer.

“’n Boer se planne raak nooit op nie, hy maak altyd ’n plan – ook ’n goed geïntegreerde finansiële plan.” **LBW**

➤ NAVRAE: Web: [rig.ac](http://rig.ac)



Die skets toon die drie sirkels in ’n familiebesigheid wat oorvleuel.

# ook ‘n goeie finansiële plan.



#1 die boer se  
**BELEGGINGS**plan  
(webinaar #1/4)  
30 Augustus 13h00




#2 die boer se  
**BUITELANDSE** plan  
(webinaar #2/4)  
6 September 13h00



#3 die boer se  
**BOEDEL**plan  
(webinaar #3/4)  
13 September 13h00



#4 die boer se  
**FAMILIEBESIGHEIDS**plan  
(webinaar #4/4)  
20 September 13h00



of skakel telefonies **086 1221 777** of besoek **[www.rig.ac](http://www.rig.ac)** vir meer inligting.

RiG adviesdienste is ’n  
gemagtigde finansiële dienste  
verskaffer FSP No : 44730